Lumber City Lichtenburg



Ek onthou nog so goed hoe Eugene Nel se Lumber City'tjie gelyk het presies 17 jaar gelede in Februarie 1999. Hoe dit amper onmoontlik was om van die verkoopstoonbank agtertoe te stap na die saagarea want die winkeljie was te vol gepak met voorraad.

Hoe die edgingmasjien in die aande eers met die vurkhyser uit die winkel moes gehaal word, dan word die bord van buite af ingery en die masjientjie bo-op die borde gestoor tot die volgende môre wanneer alles weer gerevers moes word om spasie vir die masjiene te maak.

So het hy sy naam gevestig in Lichtenburg maar later het sy plekkie maar net te klein geword en het hy 'n pragtige gebou op die besige Hendrik Potgieterstraat gebou waar hy tot vandag toe nog is.

Eugene is een van die staatmakers, maak nie saak hoe swaar dit gaan nie, het hy nooit versuim om sy verpligtinge na te kom nie. En die Marikana debakel en die nagevolge daarvan het alle besighede daar naby baie seer gemaak en tot vandag toe. Maar ons ken vir Eugene – 'n "fighter", en in murg en been 'n Lumberjack.